

Mediaverklaring

Gautengse departement van onderwys versuim om skole te vergoed vir kwytskelding

2018-11-20

Die Skoleondersteuningsentrum (SOS) doen 'n beroep op die Gautengse departement van onderwys om openbare skole behoorlik te vergoed vir miljoene rande se skoolfonds wat jaarliks kwytgeskeld word.

Die Wes-Kaapse departement van onderwys het gister aangekondig dat hulle R55 miljoen begroot het om openbare skole te vergoed vir skoolgeld wat die afgelope jaar kwytgeskeld is. Dié bedrag was R5 miljoen meer as verlede jaar en genoeg om 97% van die 575 Wes-Kaapse skole wat skoolgeld vra, te vergoed vir die geld wat hulle kwytgeskeld het.

In teenstelling hiermee, het die Gautengse departement van onderwys verlede jaar n skamele 2% (R13 miljoen) van geld wat 530 openbare skole in dié provinsie aan skoolgeld kwytgeskeld het, terugbetaal. Dit is nie bekend hoeveel die departement vanjaar voor begroot het nie.

Die Skolewet maak voorsiening vir leerlinge in openbare skole wat nie die skoolfonds kan bekostig nie. Volgens wet mag skole nie hierdie kinders weier nie, maar die skole kan die bedrag wat hulle kwytskeld, terugeis vanaf die provinsiale departement. Volgens die Federasie vir suid-Afrikaanse Skolebeheerliggame (Fedsas) hef net 13% van skole in Suid-Afrika skoolgeld.

Melanie Buys, onderwysspesialis verbonde aan die SOS, sê Gautengse skole wat wel skoolgeld hef, trek ongelooflik swaar weens die regering se versuim om hulle behoorlik te vergoed vir die kwytskeld van skoolgeld.

“Dit is grotendeels danksy dié skole dat Gauteng die afgelope jare 'n 85% matriekslaagsyfer behaal het, omdat ouers betaal vir bykomende onderwysers en ander hulpbronne om gehalte onderwys te verseker. Maar die departement bring nie hulle kant om hierdie skole behoorlik te ondersteun nie.”

Buys sê omdat skole jaarliks derduisende rande verloor weens kwytskelding van skoolgeld, neem skoolfonds jaarliks met meer as inflasie toe.

“Van die skole in Pretoria en Johannesburg se skoolfonds styg volgende jaar met 10%. Daar word dus van ouers wat wel kan bekostog om skoolgonds te betaal, verwag om ander ouers se kostes te dra. Dit is onregverdig, aangesien hierdie ouers ook reeds belasting betaal ten einde basiese onderwys in Suid-Afrika te befonds,” sê Buys.



012 612 0234



admin@skole.co.za



Von Willichlaan 284, Die Hoewes, Centurion

Panyaza Lesufi, Gautengse LUR van onderwys, beklemtoon in sy begrotingstoespraak van 2018 dat 426 townshipskole tot dusver met slimborde en talette toegerus is, ten einde skole in staat te stem om inligtingstechnologie deel te maak van leerlinge se leerervaring. “Die SOS stem saam dat dit belangrik is om tegnologie te integreer met onderwys en het self verskeie inisiatiewe begin om tegnologie in die klaskamer te implimenteer. Maar kwintiel vyf skole moet self hierdie toerusting finansier, wat verder druk op begrotings plaas,” sê Buys.



012 612 0234



admin@skole.co.za



Von Willichlaan 284, Die Hoewes, Centurion

www.skole.co.za

